

WORCESTER NA CALA VENNOOTSKAP 2017

Die span van ses en dertig lede het 30 Junie om 04h00 vanaf Worcester-Vallei kerkgronde vertrek na Cala in die Oos-Kaap. Dit is 900 km, wat 'n konfooi ongeveer 12 ure neem om te ry. Johan Blomerus (Blom) gaan probeer om die span nog ligdag in Cala te kry vir die groet, afpak en inskud.

Die plan is om Maandag tot Vrydag met die Agape-puppets elke dag na drie plekke in die omgewing uit te reik, om daar kinderevangelisasie te doen. Rina Blomerus (leier), Bennita du Toit en Wilhelm Jordaan het die kinders gedurende naweke als geleer van poppekas en ons hoop almal se sokker uithou vermoë is "opgeskerp." Heel moontlik sal die poppekaspanne die twee Sondae tydens die eredienste 'n kinderbediening aanbied. Sewe van die een en twintig tieners was laasjaar in die span.

Wat die Vroeë Kindontwikkeling betref beplan Wilna Jordaan om aan die eenkant opvolg hulp aan te bied aan die 20 stuks persone wat verlede jaar opgelei is. Maar sy beplan ook om persone in die omgewing wat creche'e bedryf te besoek en vir hulle opleiding aan te bied. Dankie vir al die blokkies, doppies, rolletjies ..."

Die Winterskool in samewerking met die onderwys department in Cala streek word weer aangebied. Wiskunde, Louise Tromp (leier), Fisiese Wetenskap, Nesta Olivier, en Lewens Wetenskap, Lucy Olivier. Marilee Mathee en Rousseanne Malan gaan optree as klashulpe.

Die bouspan bestaan uit Chris Olivier (leier), Rousseau Malan, Fred Olivier en Wehan Gilfillian. Die span gaan 'n warmwaterdonkie op die kerkterrein vervang. Daar is ook planne om 'n klimraam te bou, te verf en als wat stukkend is reg te maak. Ds Rousseau Malan is die geestelike leier en ds Fanie Engelbrecht is sy hulp.

Die " belangrikste" persone in die span is Gerda Malan en Junanita Lacock, hulle is die kosma's, wat elke dag ± 120 etes moet voorberei. Baie dankie aan almal in die gemeente wat koekies en beskuit gebak en ander kosse voorberei het. Baie, baie dankie vir groot skenkings van meel, suiker, droeë vrugtestafies, koeldrank, pasta ..."

Blom help met al die logistieke reëlings, maar weens werksverpligtinge kan hy nie saamgaan nie. Hy gaan wel saam om die span in Cala te besorg, maar kom die naweek weer terug. Rousseanne Malan, Nesta en Fred Olivier sal optree as die sangleiers.

Die plan is om Maandag 10 Julie teen 10h00 van Cala af te vertrek, die span oornag twee nagte by Cintsa (naby Oos-Londen) en hoop om Woensdag 12 Julie laatmiddag (maar nog ligdag) terug te wees in Worcester.